



GEREFORMEERDE KERK
AKASIA

NEUTEDOPPER

VOLUME 28 NR 20
7 JUNIE 2020



Dien die Here met
Blydskap

Die Breë Kerkraad het die afgelope week 'n baie swaar besluit geneem dat ons eredienste vir eers nie gaan begin nie. Daar sal deurentyd gekommunikeer word oor ons kerkwees in hierdie grendeltyd.

Lees: 2 Kronieke 15

Kernvers: 2 Kron.15:4

Tema: Die Here gee uitkoms vir wie Hom in tyd van nood deur
bekering en gebed soek

1. Nood
2. Bekering
3. Gebed
4. Uitkoms

Sang: Ps. 146:1,8; Ps.71:9; Ps.119:6,7; Ps.142:1,3,4;
Ps.40:4; Ps.119:25,39

MEELEWING

♥ Ds Ben Fourie (59) van Gereformeerde Kerk Kameeldrift is die afgelope week oorlede. Ons innige meegevoel aan Susan, kinders, skoonkinders en klinkinders.

“Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie”

Psalm 91:10

VERJAARSDAE

8/06	Annatjie van Wyk *	C1	0828946947
9/06	Deirdré Nel	C1	0739292437
11/06	Sue Bester	A4	0763864370
12/06	Loret Roos	A3	0632898114



MY DANKOFFER DEEL 3

Hoe moet ek die begrip “tiende” verstaan?

In die Ou Testament loop ons die begrip “tiende” raak. “Tiende” is die naam van die dankoffer wat die Verbondsgod vir sy verbondsvolk, dit is vir sy kerk, ingestel en beveel het om na te kom.

In die Ou Testament het die “tiende” werklik ‘n tiende van ‘n mens se inkomste beteken. Soos die nuwe kalweroes verby die beesboer gestap het, moes hy elke tiende kalf uitkeer as sy dankoffer vir die Here. Die graanboer moes weer elke tiende gerf koring uitkeer as sy dankoffer. Van hierdie tiende het ‘n deel na die tempel van die Here gegaan en ‘n deel na die paleis van die koning. Naas die “tiende” was daar egter ook ander offergawes wat die verbondsvolk moes gee. Die “tiende” was dus net ‘n deel van die verbondsvolk se dankoffers. Vir die bou van die tempel moes Israel bykomende dankoffers gee (**1 Kron.29:1-9.**) Die eersteling van alles moes ook aan die Here geoffer word. Die eerste seun en elke eersteling van die onrein diere moes vir vyf en vyftig gram silwer losgekoop word (**Lev.18:16.**) Die eersteling van die beeste, skape en bokke moes geslag en aan die Here geoffer word (**Lev.18:17.**) Hulle bloed moes teen die altaar gesprinkel word. Die vet moes verbrand word en die vleis is na die priesters dat hulle kan leef.

In die Nuwe Testament na Christus se kruisiging en opstanding het die dieper betekenis van die “tiende” duideliker na vore gekom. “Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig, en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid. Ek verseker julle hulle het na vermoë, ja, bo vermoë bygedra. Uit eie beweging het hulle by ons aangedring om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea. Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil” (**2 Kor.8:1-5.**)

Hieruit is die volgende duidelik:

“Tiende” is baie meer as net ‘n optelsom. Reeds in die Ou Testament was die verbondsvolk se dankoffers meer as bloot ‘n tiende van hulle oes. Die tiende is in werklikheid direk verbind aan die seën wat die Here gee. Hoe meer die seën, hoe meer die dankoffer, selfs meer as ‘n tiende van die oes.

Die “eersteling” wys daarop dat ek my dankoffer vir die Here gee met die gesindheid dat die Here eerste in my lewe is, dat alles wat ek het, aan Hom behoort, dat my dankoffer vir die Here belangrik is en nie net ‘n uitgawe in my begroting wat ek aangaan indien dit moontlik is nie. Hierby kom nog die beginsel dat my dankoffer die beste moet wees, wat ek vir die Here kan en wil gee.

Daar is ‘n direkte verband tussen “tiende” en my verhouding met die Here. Wanneer ek naby die Here leef, gee ek my dankoffer na my vermoë en selfs bo my vermoë.

My dankoffer: Waar pas my dankoffer by my leefstyl in?

Die Here, ons Verbondsgod, het bepaal dat die dankoffer wat ek aan Hom gee, met sy seën in my lewe sal ooreenstem. Gee ek my dankoffer volgens die Here se seën of gee ek my dankoffer volgens wat ek met my leefstyl kan bekostig?

Indien leefstyl die maatstaf geword het waarvolgens ons dankoffers gee, dan het ons weggedwaal van die maatstaf wat die Here neergelê het. Buiten dat leefstyl nie die Here se maatstaf vir dankoffers is nie, sal dit gebeur, omdat ons sondige mense is, dat die dinge wat ons leefstyl moontlik maak en in stand hou, voorkeur sal geniet bo ons dankoffer aan die Here.

Ek sal in ‘n netjiese luukse huis bly, met al die nodige toerusting om my lewe gerieflik te maak, ek sal ‘n kar ry met allerhande nuwe bykomstighede wat my ritte makliker maak, ek sal ‘n goeie selfoon met ‘n duur kontrak, ek sal ‘n duur betaalkanaaltelevisie besit om sport te kyk, ek sal elke jaar sorg dat ek ten minste eenkeer ‘n duur vakansie kan bekostig om goed uit te rus na ‘n jaar van stres en ek sal nog baie ander dinge aanskaf om my gemaklike en gerieflike en soms luukse leefstyl te handhaaf.

Waar pas my dankoffer in hierdie leefstyl in? My dankoffer sal, omdat ek ‘n sondige mens is, oorskadu word deur al hierdie aardse dinge.

My dankoffer sal bepaal word eers nadat ek al hierdie uitgawes om my leefstyl te handhaaf, in berekening gebring het. My dankoffer sal die uitgawe wees wat eerste krimp, want al hierdie ander “noodsaaklikhede” word gedurig duurder.

Jesus se woorde “*Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes nie verniel nie en diewe nie inbreek en steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees*” (Mt.6:19-21) is baie meer van toepassing op ons as wat ons dink. Die vraag is of ons na ons Verlosser sal luister. Wanneer ons na Christus luister sal ons nie ons aardse leefstyl bo ons dankoffer stel nie. Ons sal ons aardse leefstyl so aanpas dat ons die dankoffer kan gee wat ons Verbondsgod van ons verwag.

BOEKE VIR STILTETYD

1. **PAULUS**
Die indringer-apostel wat die evangelie gered het
Skrywer: Adrio König
Uitgewer: Cum Boeke
2. **DIE BYBEL IN FOKUS**
Hoe om gelowig én denkend te lees
Skrywers: Louis Jonker, Ernst Conradie, Jan Botha
Uitgewer: Lux Verbi
3. **OORDENKINGS VIR KINDERS**
52 weke saam met Jesus
Skrywer: James Merrit
Uitgewer: Cum Boeke
4. **WORSTELINGE OOR DIE WAAROMS IN DIE LEWE**
Skrywer: Dr B Duvenhage
Uitgewer: Administratiewe Buro, Potchefstroom
5. **DINK AAN JOU SKEPPER IN JOU JONGDAE**
Skrywer: Prof Francois Viljoen
Uitgewer: Potchefstroom Teologiese Publikasies

